

# Woensdag 13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs  
15:12-34

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs  
15:19

## 'n Hoopvolle blik die toekoms in!

Wat sou die lewe wees sonder Jesus se opstanding? Een woord sou die lewe opsom: hopeloos. Want waarmee sou ons mekaar vertrouos het by 'n oop graf? Hoe sou ons mekaar bemoedig het wanneer beproewings oor ons pad kom? Waarheen sou hierdie lewe lei as ons nie die hoop op opstanding in Jesus Christus gehad het, soos Paulus dit in hierdie perikoop beskryf nie?

Dit laat mens dink aan Jesaja 21:11-12, waar die Israëliete hopeloos opkyk na die wag op die muur en vra: Wanneer is al hierdie swaarkry verby? Wanneer word dit dag? Wanneer is die nag verby? Israëliete wat vaskyk in die stadsmuur, sprekend van hulle kortsigtigheid in hulle tydelike omstandighede. Sonder hoop omdat hulle nie verder kan sien as die hier en nou nie!

In hierdie perikoop word die gelowige oog egter anderkant die graf gerig. Op die opstanding van Christus, die ewigheid in! Op die troos wat 'n toekoms vol hoop in Christus vir die gelowige inhou! Daarom rig Paulus die skerp woorde van vers 19 aan die Korinte. *As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.*

Dikwels leef ons ook só. Lewens wat vaskyk in ons onmiddellike omstandighede en ons kan net eenvoudig nie verder as dit sien nie! Dit is wat gebeur met oë wat nie meer Jesus se opstanding sien nie. Wat nie soos die nagwag op die muur in Jesaja die helder môrester reeds sien hang aan die hemel nie. Die môrester wat die aanbreek van die volle dag aankondig! Jesus se opstanding is vir ons hierdie môrester. Sy opstanding beteken oorwinning. Die aanbreek van die dag van verlossing.

Daarom: Ook al lyk onmiddellike omstandighede in ons land en soms in die kerk ook donker, hou die oog gerig op die helder Môrester. Want weldra breek die volle dag aan met genesing in sy strale. Dit is ons hoop in donker dae! Hy het opgestaan, Hy het waarlik opgestaan!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*